INHOUDBLAD

Voorwoord 7

Inleiding 9

Eksperiment: Suid-Afrika 11

Apartheid 18

Wit skuld 22

My voorouers en Afrikanerhelde 27

Hoekstene van die Afrikanerkultuur 32

Geloof en oortuigings 40

Moet ek my kinders Afrikaans grootmaak? 47

Afrikaanse skole en universiteite 52

Swart ekonomiese bemagtiging 56

Moet ek bly? 61

Rassisme 68

Eiendomsreg 74

Wat as alles ineenstort? 81

Wat as ander swaarkry? 87

Wat kan ek DOEN? 93

PM **Paul Maritz**

Van: Paul Maritz
Gestuur: Maandag 6 Januarie 2020, 09:14
Aan: Flip Buys
Onderwerp: Eksperiment: Suid-Afrika
Belangrikheid: Hoog

Beste Flip

Suid-Afrika is in ’n sekere mate ’n eksperiment. ’n Oorgang is op ’n relatiewe vreedsame manier tussen wesenlik verskillende groepe gemaak. Dit is iets wat, ten minste op so ’n groot skaal, enig in sy soort is. Persone wat etlike jare tevore nog in ballingskap buite die landsgrense was, is in 1994 as ministers, parlementslede en hoë amptenare aangestel. ’n Militêre mag is oorgegee. ’n Nuwe landsvlag en grondwet is aanvaar en die eksperiment het vir sommige soos ’n dawerende sukses gelyk.

Die uitdagings en krake het gou begin deurskemer. Radikale rassetransformasie, waaroor ons al soveel keer gepraat het, het reeds tot grootskaalse verlies aan vaardighede en ’n afname in gekwalifiseerdes gelei. Soveel mense word hierdeur uitgesluit en verlaat die land. Selfs dié wat nie benadeel word nie, trek weg. ’n Toenemende aantal swart mense met skaars kwalifikasies wat voordeel sou kon trek uit transformasie, kies ook om te emigreer. Hierdie tendens maak dit duidelik dat iets skeefgeloop het. Die eksperiment lewer net nie die verwagte resultate nie.

Gestel Suid-Afrika word in terme van ’n eksperiment

beskou. Dan sou die bestanddele in dié proefbuis onder meer sosialistiese herverdeling en kaderontplooiing insluit. Volgens dié eksperiment se teorie kan gelykheid sonder die opoffering van vrede bewerkstellig word. Dit kan teoreties gedoen word deur stelselmatig te vat by dié wat het, en te gee aan dié wat kort.

Tog het hierdie bestanddele vir stadige groei gesorg. Dit het die deur oopgelaat vir grootskaalse korrupsie en ’n kultuur van baantjies vir boeties wat op elke vlak posgevat het.

Kan Eksperiment: Suid-Afrika nog werk? En indien wel, watter ander bestanddele moet ons in hierdie proefbuis gooi? Wat moet op regeringsvlak verander? Ek vra dit juis sodat ek weet watter eise om aan regeringsamptenare te stel en watter druk om toe te pas.

Groete
Paul

FB **Flip Buys**

Van: Flip Buys
Gestuur: Maandag 6 Januarie 2020, 11:47
Aan: Paul Maritz
Onderwerp: RE: Eksperiment: Suid-Afrika
Belangrikheid: Hoog

Môre Paul

'n Wyse man het gesê: "Om Suid-Afrika te probeer regeer is soos om met 'n sak klippe te probeer swem." Die Engelse het dit eers probeer, daarna die Afrikaners, toe die Xhosa-ANC onder presidente Nelson Mandela en Thabo Mbeki, en later die Zoeloe-ANC onder president Jacob Zuma. Tog kry niemand dit reg nie.

Die rede hiervoor is eenvoudig – Suid-Afrika is nie 'n natuurlike land (soos Brittanje, Duitsland, Frankryk of Botswana) wat 'n redelik samehangende, homogene gemeenskap huisves nie. In werklikheid is Suid-Afrika 'n klein stukkie oorblyfsel van die Britse Ryk van 'n vergange era. Suid-Afrika is nie 'n land nie, maar 'n landstreek. Ons was 'n kolonie van verskillende lande wat een vir een deur die Britte oorweldig is, en uiteindelik in die kolonie van Suid-Afrika saamgevoeg is. Dit is 'n geografiese gebied, soos Wes-Afrika, Noord-Afrika of Oos-Europa, wat eintlik uit verskillende gemeenskappe bestaan wat kunsmatig saamgedwing is.

Die geskiedenis bewys oor en oor dat multi-etniese ryke uiteindelik opbreek, of dit nou die Oostenryks-

Hongaarse, Britse, Russiese of die Ottomaanse Ryk is. Een ding is seker – ryke het nie ’n sterk interne eenheid nie. Die rede hiervoor is dat hulle te uiteenlopend van aard is. In Suid-Afrika het ons drie groot kulture (die Afrikakultuur, breë Westerse kultuur en ’n klein Moslemkultuur) en ’n hele klomp subkulture. Hierdie samestelling beteken dat ons ’n baie brose samelewing het. Hoe meer heterogeen ’n land is, hoe groter is die moontlikheid van konflik. Dit wys ook dat demokrasie nie lei tot vryheid nie, maar tot verdrukking, omdat die grootste groep in ’n demografiese demokrasie keer op keer verkiesings wen, soos hier in Suid-Afrika die geval is, ongeag hoe dié groep die land regeer. Mense stem wêreldwyd eerstens vir identiteit en nie vir beleid nie.

Die meerderheidsgroep se leierskap gebruik hul regeringsmag om hulself en hul eie demografie te bevoordeel en ander te benadeel, sodat hulle weer verkies word. Dit het verdrukking van minderhede, spanning en ’n gevoel van ontevredenheid onder minderhede tot gevolg.

As die regering so aanhou en staatsverval voortduur, kan dit uiteindelik hierdie mini-oorblyfsel van die Britse Ryk uitmekaar laat bars. In 1994 is die historiese vraagstuk van Suid-Afrika, naamlik die regulering van groepsverhoudinge, geïgnoreer. Daar is besluit om net op individue te fokus, en gehoop dat politieke mededinging net tussen enkelpersone sal geld, en nie meer tussen gemeenskappe nie. Ek dink ons kan nou, meer as 25 jaar later, vir mekaar sê dat professor David Wells van die Universiteit van Kaapstad reg was toe hy gesê het dat hy van geen land ter wêreld weet waar mense volgens beleid gestem het en nie volgens identiteit nie.

’n Een-man-een-stem-stelsel is bloot te simplisties om